Sondag

15 April 2018 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: "Het ons harte warm geword?"

Skriflesing: Lukas 24:13-31

Broodjies vir die pad

Knysna-brande

Vir Moses was God
in die braambos
in die vuurkolom
in die vlammerook op die berg

Saam met Daniël se vriende
was hy binne-in
In Negester oor Nineve
vuur ín die vuur

"Saul," het Samuel gesê
"vir brandoffers voel God 'n veer"

in Jesaja se towerwoud
nie genoeg wild of
hout
vir 'n offer tot Sy eer

Opperman vertel van die vlakvoël
op haar eiers swart verkool gevind
Elia het God nie in die vuur ervaar
maar in die windstilte daarna

Sunelle Geyer

"Extinguish my eyes, I'll go on seeing you.
Seal my ears, I'll go on hearing you.
And without feet I can make my way to you,
without a mouth I can swear your name.

Break off my arms, I'll take hold of you
with my heart as with a hand.
Stop my heart, and my brain will start to beat.
And if you consume my brain with fire,
I'll feel you burn in every drop of my blood."
— Rainer Maria Rilke

Die slowly

He who becomes the slave of habit,
who follows the same routes every day,
who never changes pace,
who does not risk and change the color of his clothes,
who does not speak and does not experience,
dies slowly.

He or she who shuns passion,
who prefers black on white,
dotting ones "it's" rather than a bundle of emotions, the kind that make your eyes glimmer,
that turn a yawn into a smile,
that make the heart pound in the face of mistakes and feelings,
dies slowly.

He or she who does not turn things topsy-turvy,
who is unhappy at work,
who does not risk certainty for uncertainty,
to thus follow a dream,
those who do not forego sound advice at least once in their lives,
die slowly.

He who does not travel, who does not read,
who does not listen to music,
who does not find grace in himself,
she who does not find grace in herself,
dies slowly.

He who slowly destroys his own self-esteem,
who does not allow himself to be helped,
who spends days on end complaining about his own bad luck, about the rain that never stops,
dies slowly.

He or she who abandon a project before starting it, who fail to ask questions on subjects he doesn't know, he or she who don't reply when they are asked something they do know,
die slowly.

Let's try and avoid death in small doses,
reminding oneself that being alive requires an effort far greater than the simple fact of breathing.

Only a burning patience will lead
to the attainment of a splendid happiness.

Pablo Neruda, Selected Poems

Kêffie was ook ’n plek van liefde en troos

Dana Snyman

Nou die oggend toe ek by die Kontrei Kêffie kom, toe is Carlo besig om die visnette wat op die stoep gehang het, af te haal.

Ek het geweet hy en sy vrou, Sandra, het die Kêffie verkoop, maar tóé eers tref dit my regtig: Hulle gaan van aanstaande week af nie meer hier wees nie.

Hulle en hul hond, Marmite. Want Marmite, so ’n iets-van-alles-brak, was net so deel van die Kêffie soos Carlo en Sandra.

Miskien is dit ’n droewige belydenis om te maak, maar die Kontrei Kêffie hier op Jacobsbaai waar ek woon, het in die laaste ses maande ná my verloofde se dood vir my meer troos as, wel, die Bybel gebring.

Of die Kêffie se mense dan, die klomp wat gereeld daar kuier. Ons.

Ek het niks teen ’n Mugg & Bean en daardie soort plekke nie, maar ek voel nooit heeltemal tuis daar nie. Die eenderse kelners en tafeltjies en stoeltjies, nes by ’n honderd-en-tien ander takke van Mugg & Bean.

Dis nie die soort plek waar jy elfuur in die oggend kan sit en huil en vir ’n Jägermeister vra nie. Soos ek al in die Kêffie gedoen het.

Meer as ooit in die geskiedenis is ons aan mekaar verbind: Selfone, Facebook, Instagram. Maar op Facebook en ander internetforums is dit asof van jou verwag word dat jy dolgelukkig en suksesvol en fiks moet lyk, besig om allerhande eksotiese plekke te besoek.

In baie koffiewinkels en restaurante heers hierdie selfde gees. Plekke om sogenaamd in gesien te word.

Nee wat, gee my eerder die Kêffie, waar Marmite jou by die bakkie kom groet, en wanneer Carlo of iemand jou vra hoe dit met jou gaan, kan jy met vrymoedigheid antwoord: “K*k, dankie. En met jou?”

’n Plek waar jy nie bang is om jou ou Nokia tussen al die iPhones uit te haal nie, en almal bereid is om te erken ’n quiche eintlik maar net ’n flou, meer pretensieuse weergawe van jou ouma se souttert is.

Hoeveel keer het ek nie al na die Kêffie gevlug wanneer my gedagtes my in die huis begin rondjaag nie. Net om op die stoep te sit en te luister wat nou weer fout met oom Tok se Land Rover is. Of te hoor van Henry se kanker en Wendy en Nita se verdriet, of vreugde.

Sandra het selfs soms toegelaat dat Anton, ’n gewese NG predikant, jaffels op die stoep staan en bak en verkoop om geld te verdien.

En toe polisieman-Henry-hulle se huis afgebrand het, het mense vir hulle klere en ander goed na die Kêffie gebring.

Nie dat Carlo-hulle juis geld met die Kêffie gemaak het nie. Daarvoor is die huurgeld wat die eienaar van die gebou elke maand eis, te belaglik hoog.

Maar die Kêffie was ’n plek van liefde waarheen jy jou weerloosheid kon bring. Dankie daarvoor, Carlo en Sandra.

Ons gaan julle mis.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-keffie-was-ook-n-plek-van-liefde-en-troos-20180411

“I said: what about my eyes?
He said: Keep them on the road.

I said: What about my passion?
He said: Keep it burning.

I said: What about my heart?
He said: Tell me what you hold inside it?

I said: Pain and sorrow.
He said: Stay with it. The wound is the place where the Light enters you.”
— Rumi

Brood vir die pad

Valleie met droë bene wat na lewe smag

RRV

Onlangs het die Universiteit Stellenbosch – as deel van sy Eeufeesvieringe – ’n aantal eredoktorsgrade toegeken.

Een van die persone wat vanjaar vereer is, is prof. Musa Dube, ’n Nuwe-Testamentikus aan die Universiteit van Botswana. Sy is veral bekend vir haar werk wat die lief en leed van vroue in Afrika met Bybeltekste in gesprek bring. Haar boek Postcolonial Feminist Interpretation of the Bible (2000) geniet wye erkenning.

In haar kort toespraak ná die ontvangs van haar eregraad vertel Dube hoe haar ma vir haar as klein meisietjie graag Bybelverhale vertel het.

Haar ma se gunstelingverhaal was die een van Maria Magdalena wat die Sondagoggend ná Jesus se kruisiging by die graf aangekom en gesien het die klip voor die ingang is weggerol.

Sy het teruggehardloop om vir die dissipels daarvan te vertel, en só die eerste getuie van Jesus se leë graf geword. Later word Maria die eerste persoon aan wie Jesus ná sy opstanding verskyn het (Johannes 20:1-2, 11-16).

Teen die tyd dat sy self kon lees, het Dube vertel, het sy geleer dat ’n man met die naam Esegiël na ’n vallei vol droë bene gestuur is. Die droë bene simboliseer Israel wat in die lig van die ervaring van ballingskap heeltemal sonder hoop gevoel het.

Esegiël moes met die bene praat totdat hulle weer begin lewe (Esegiël 37). Soos die verhaal oor Maria se hoopgewende getuienis, het dié verhaal oor nuwe lewe haar van kleintyd af geboei. Haar eie lewe en loopbaan sien sy dan ook as ’n poging, in haar woorde, “to work for resurrection”.

Soos Esegiël het sy baie valleie met droë bene in haar lewe gesien: Die vallei waar siektes soos MIV/vigs die lewe uit liggame gepers het; die vallei waar daar op grond van vooroordele oor ras, klas, sek-suele oriëntasie en ouderdom teen mense gediskrimineer is; en die vallei waar daar as gevolg van verwronge beskouinge en strukture mense van hul waardigheid en menslikheid gestroop is.

Aan die einde van haar kort toespraak het Dube die studente uit verskillende vakrigtings met hul prestasies gelukgewens en aangemoedig om ook deur hul lewe en loopbane die kragte wat mense van lewe ontroof, teë te werk.

Die grafte van armoede, geslagsongelykheid, geweld, diskriminasie, ekologiese krisisse, siekte, stigma en so meer “await your work of resurrec-tion”, het sy bygevoeg.

In ons dag – ook in ons land en op ons vasteland – is daar inderdaad ’n groot aanvraag na dié soort werk.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/valleie-met-droe-bene-wat-na-lewe-smag-20180407

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877